

Dinsdag 18 April

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 1:3-11

Fokusgedeelte: 2 Timoteus 1:7 (1983-vertaling)

Geeskrag is doenkrag!

Die jongman Timoteus in die ou lewe en wêreld! Dis nie maklik nie. Sonder doenkrag nie in staat om van die groot daade van God te vertel nie. Sonder Geeskrag sprakeloos en in 'n groot mate doelloos op pad in die wêreld.

Paulus skryf egter met rype ervaring en beleving. Paulus leer en onderrig. Woorde in 'n brief vir Timoteus en vir die 2017-mens. Die lewe en die opdrag in die lewe in verkondiging van die Koning se ryk ... om gewoon te onthou van die Gees wat God aan sy kind gegee het. Kragtig is die Gees, en kragtig-doelmatig werksaam in 'n mens se hart en gemoed. Geeskrag wat die lamheid van lafhartigheid wegwerk. Vurig aanvuur tot vrymoedigheid om die teen-klanke in verset teen die blye boodskap weg te werk. In te vaar in die lewe, Geesvervuld. Vol van 'n boodskap wat leë gemoedere en harte met passie en oortuiging en sin en verwagting kan vul.

God se Gees ... as gawe gegee om 'n mens se lewe vol te maak met krag en liefde en selfbeheersing! 'n Goddelike Drie-eenheid van Geesgenade en guns: *Krag en liefde en selfbeheersing!* Nie in eie krag nie, maar in u krag, o Gees van God. Liefdevol diensbaar soos Christus, met selfrespek omdat die Gees my "ek" regeer en beheer. Voluit in die lewe. Toegerus. Bekwaam omdat die Gees geesdrif skenk om te vertel en te getuig dat die evangelie die enigste krag is op grond waarvan ek as mens die wêreldkragte en magte kan trotseer.

Die Gees bring nuwe lewe. Hy is aan j^{ou} gegee. Doen en sê en lewe. Met Geeskrag! Onthou: God het aan jou immers nie 'n gees van lafhartigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing. Vervul jou roeping met krag ... genadekrag.

Sing: Ps 33:2 (1936)

Dr. PH (Pieter) Heystek (Pta-Montanapoort)